

# Alternatiewe Onderwysmodaliteite uitgesluit van die SA Skolewet

Elke persoon in Suid-Afrika het die reg op 'n basiese onderwys, volgens Artikel 29 van die Grondwet. Die Grondwet beperk nie hierdie reg tot 'n sekere tipe onderwys nie, of tot onderwys wat deur middel van 'n spesifieke modaliteit ontvang word nie. Dit omskryf dit bloot as 'n "basiese onderwys".

Die onderliggende beginsel aan die SA Skolewet is dat die reg op "basiese onderwys" vervul word deur skoolbywoning en deur die CAPS-syllabus te volg. Die SA Skolewet definieer byvoorbeeld 'n skool as "*n openbare skool of 'n onafhanklike skool wat leerders in een of meer grade van graad A (Aanvang) tot graad 12 inskryf*".

Artikel 6A van die Wet bepaal dat die Nasionale Kurrikulumstelling/CAPS "op openbare en onafhanklike skole van toepassing [moet] wees". Op die oog af beperk dit die keuse van 'n kurrikulum, en alhoewel 'n paar onafhanklike skole ander kurrikula volg, is hulle altyd onder druk om aan CAPS te voldoen.

Die enigste uitsondering op skoolonderwys is tuisonderwys. Tuisonderwys word ingevolge die SA Skolewet toegelaat, maar die wet beperk tuisonderwys tot onderwys wat slegs by die kind se huis aangebied word. Die nuwe definisie in die BELA Bill beperk ook tuisonderwys tot onderwys wat hoofsaaklik deur die ouer verskaf word, en tot onderwys wat aan jaarlikse assesserings onderworpe is. Wat kurrikulum betref, plaas dit toenemend druk op tuisskole om aan die CAPS-syllabus te voldoen.

Daar word vir geen ander tipe onderwys uitdruklik in die SA Skolewet voorsiening gemaak nie.

Dit is dus duidelik dat die SA Skolewet die vryheid waarvoor daar in die Grondwet voorsiening gemaak word ernstig beperk.

Die volgende onderwysmodaliteite word byvoorbeeld deur die SA Skolewet beperk:

## **A. Die Wet behoort uitdruklik die reg op vryheid van kurrikulumkeuse vir alle onderwysinstellings te beskerm.**

Volgens die Grondwet het elkeen die reg om 'n onafhanklike onderwysinstelling tot stand te bring, onder meer op voorwaarde dat dit by die Staat geregistreer word. Dus vereis die Grondwet self dat jy by die Staat registreer as jy 'n onderwysinstelling behartig.

As 'n mens die SA Skolewet lees, sou jy tot die slotsom kon kom dat die enigste soort instelling wat onder die SA Skolewet geregistreer kan word 'n skool is, dit wil sê 'n instelling wat van grade gebruik maak.

Die SA Skolewet behoort dus gewysig te word om uitdruklik voorsiening te maak vir die registrasie van opvoedkundige instellings wat nie van grade gebruik maak nie en wat ander kurrikulums gebruik.

## **B. Mikroskole/Kleinskole/"Cottage Schools"/Sentrums**

Die SA Skolewet beperk 'n "skool" nie tot 'n sekere aantal leerders nie.

In baie provinsies moet 'n instelling egter 'n minimum van 20 leerders hê voor dit as 'n skool geregistreer kan word. Dit beteken dat die egte mikroskool of "cottage school", wat tipies minder as 20 leerders het, en wat al die voordele geniet wat daarmee saamgaan, potensieel onwettig is.

So 'n mikroskool of "cottage school" word ook heeltemal anders bestuur as 'n reuseskool met 1200 leerders. Waar daar talle veiligheids- en organisatoriese aspekte van belang is in 'n groot skool, sou hulle nie feitlik nie bestaan in 'n klein mikroskool nie. Om van 'n klein skooltjie te verwag om aan presies dieselfde regulasies te voldoen as 'n groot skool is dus onrealisties en onregverdig.

Die SA Skolewet behoort dus uitdruklik vir mikroskole en hulle behoeftes voorsiening te maak om hul bestaansreg te beskerm teen indringing op provinsiale vlak.

## **C. Virtuele skole**

Dis moeilik om virtuele skole volgens normale skoolregulasies te reguleer. Alhoewel 'n tipiese virtuele skool die kurrikulum verskaf, assesserings doen en die meeste akademiese vereistes vervul, is daar sekere sleutel- akademiese aspekte van onderwys waarvoor hulle nie verantwoordelikheid kan neem nie.

Die ouer van 'n leerder by 'n virtuele skool moet die verantwoordelikheid neem om

- (1) Al die toerusting te verskaf wat die leerder nodig het om "skool" by te woon;
- (2) Toe te sien dat die leerder in werklikheid van die aanlynprogramme en -klasse gebruik maak;
- (3) Buitemuurse bedrywighede / toegang tot 'n biblioteek / toegang tot sosiale geleenthede te verskaf; en
- (4) Te verseker dat die kind gedurende skool-ure fisies veilig is.

Al hierdie verantwoordelikhede sou by 'n gewone baksteenskool pas, maar is onmoontlik vir 'n virtuele skool om aan te voldoen.

Om te voorkom dat sekere aspekte van 'n kind se onderwys en veiligheid eenvoudig oor die hoof gesien word, behoort die SA Skolewet vir virtuele skole voorsiening te maak.

## **D. Koöperatiewe Tuisonderwys**

Koöperatiewe tuisonderwys is 'n vorm van tuisonderwys waar verskeie gesinne saamwerk om gesamentlik hul kinders te onderrig. Hulle kan byvoorbeeld die plek van onderwys afwissel, en elke dag van die week by 'n ander gesin se huis bymekaar kom. Ouers kan beurte maak om onderwyser te speel deur elkeen die vak(ke) waarin hulle die gemaklikste voel te onderrig. Dit is nie 'n skool nie, want daar is gewoonlik geen vergoeding by betrokke nie en die ouers onderrig self die kinders.

Die BELA Bill maak nie voorsiening vir hierdie soort tuisonderwys nie, want die definisie van tuisonderwys beperk tuisonderwys tot onderwys wat primêr by die kind se eie huis geskied. Tutors word ook net vir sekere vakke toegelaat.

Daar is geen rede waarom gesinne nie die vryheid behoort te hê om op hierdie manier saam te werk nie, en daar is niks skadeliks in die situasie nie. Daar is eerder baie voordele, soos sosiale interaksie, en die feit dat die groep van elke ouer se spesifieke sterk punte gebruik kan maak.

Die BELA Bill behoort dus gewysig te word om vir koöperatiewe tuisonderwys voorsiening te maak.

### **Slotsom**

Jy kan die PCBE versoek om die volgende te doen:

1. Maak uitdruklik voorsiening vir nie-graad-instellings om as opvoedkundige instellings te registreer;
2. Verander die definisie van “skool” in die wet om alle onderwysinstellings in te sluit wat soos ‘n skool is;
3. Verwyder Artikel 6A(2), wat die NKV/CAPS op alle opvoedkundige instellings afdwing;
4. Beskerm die regte van klein skooltjies in die SA Skolewet;
5. Maak voorsiening vir virtuele skole; en
6. Brei die definisie van tuisonderwys uit sodat dit koöperatiewe tuisonderwys insluit.

**P**estalozzi Trust (IT6377/98) [www.pestalozzi.org](http://www.pestalozzi.org)

*die regsfonds vir tuisonderwys      the legal defence fund for home  
en gemeenskapsonderwys      and community-based education*

Posbus/ PO Box 12332 Queenswood Pretoria 0121 Tel: (012) 330 1337 [defensor@pestalozzi.org](mailto:defensor@pestalozzi.org) Web:  
<https://www.pestalozzi.org>

Important: This communication does not constitute legal advice. Belangrik: Hierdie kommunikasie bevat nie regsadvies nie.